

Graan SA Oggend Markkomentaar

DATUM 2020/06/02	DATUM 2020/06/01		+ - LAST WEEK 2020/05/25		BY DIE GELD PUT OPSIE VIR JUL 2020				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	WM	YM	
DJIA-index	25475	91.91	0.36%	25383	4.1%	24465	Jul '20 TERMYPNRY	R 2 423.00	R 2 549.00
Goud (Spot)	1736.82	-5.14	-0.3%	1741.96	0.6%	1726.82	Put TREFPNRY	R 2 420.00	R 2 540.00
Brent \$/vat	38.58	1.05	2.8%	37.53	9.9%	35.10	Put PREMIE	R 50.09	R 51.68
1 € / US\$	1.1127	0.00	-0.11%	1.1139	2.2%	1.0887	Min SAFEX PRYS	R 2 369.91	R 2 488.32
1 US\$ / ZAR	17.38	-0.05	-0.3%	17.43	-1.0%	17.55			
Corn	R 2 211.38	-23	-1.0%	R 2 234.21			*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day		
Wheat	R 3 290.10	-44	-1.3%	R 3 334.15			*CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day		
Soybeans	R 5 366.84	-17	-0.3%	R 5 383.56			*CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)					WEEK NR.				
Corn Jul 20	323.20	-2.40	-0.7%	325.60	Pariteitspryse gelewer in		4		
Wheat Jul 20	515.20	-5.40	-1.0%	520.60	Randfontein. Koring DBN invoer		WEEK TOTAAL		
Soybeans Jul 20	840.40	-0.20	0.0%	840.60	pariteit ipv uitvoer pariteit		JTD TOTAAL		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit		UITVOERBAAR		
SORGHUM May '20	3138.00	0.00	0.0%	3138.00	5000.00	3100.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR		
WMAZ Spot	2410.00	6.00	0.2%	2404.00	4600.00	2000.00	TEMPO/WEEK BENODIG		
WMAZ Jul 20	2423.00	6.00	0.2%	2417.00	4600.00	2000.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WMAZ Sep 20	2470.00	1.00	0.0%	2469.00	4600.00	2100.00	WEEK TOTAAL		
YMAZ Spot	2533.00	1.00	0.0%	2532.00	3600.00	2000.00	JTD TOTAAL		
YMAZ Jul 20	2549.00	6.00	0.2%	2543.00	3600.00	2100.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS		
YMAZ Sep 20	2591.00	1.00	0.0%	2590.00	3700.00	2100.00	% GELEWER VAN OES		
SOY spot	6400.00	50.00	0.8%	6350.00	7200.00	5000.00	WEEK 34		
SOY Jul 20	6448.00	48.00	0.8%	6400.00	7700.00	5300.00	KORING INVOERE		
SUN Spot	5570.00	-25.00	-0.4%	5595.00	8400.00	5900.00	2019/20		
SUN Jul 20	5628.00	-24.00	-0.4%	5652.00	8400.00	5900.00	2018/19		
WHEAT Spot	5317.00	1.00	0.0%	5316.00	5300.00	4800.00	5 Jr. GEM		
WHEAT Jul 20	5310.00	10.00	0.19%	5300.00	5300.00	4800.00	WEEK TOTAAL		
WHEAT Sep 20	5100.00	-45.00	-0.87%	5145.00	5300.00	4800.00	JTD TOTAAL		
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE					TOTAAL BENODIG				
					JTD AS % VAN BENODIG				

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R17.38/\$ en het versterk vanaf die vlakke waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Die plaaslike ekonomie is steeds onder geweldige druk en dit gaan lank vat om te herstel vanaf die staat van inperking wat reeds sedert einde Maart heers. Alhoewel die beperkinge verlig is sedert 1 Junie, toe die hele land in na vlak 3 van inperkings toe beweeg het, sal die effek en ekonomiese nagevolge steeds duidelik sigbaar wees in die plaaslike ekonomie. Die ABSA PMI indeks wat gister bekend gemaak was, het aangedui dat die vervaardigingssektor in Mei effens herstel het. Alhoewel dit van 'n baie lae basis af was, het die vervaardiging in Mei herstel vanaf die historiese lae vlakke wat in April gerapporteer was.

Mielies: Die Amerikaanse meliemark het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in beide die Julie en September kontrakte. Volgens die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag is 93% van die Amerikaanse mielies vir die seisoen reeds aangeplant. Dit is aansienlik meer as die vorige seisoen se 64% voltooi en die 5 jaar gemiddelde tempo van 89% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Die verslag dui ook aan dat 74% van die Amerikaanse mielies in 'n goeie tot uitstekende toestand is. Dit is beter as die vorige week se 70% wat in 'n goeie tot uitstekende toestand gerapporteer was. Die Amerikaanse jaar tot datum mielie uitvoere is 30% laer as die vorige seisoen se jaar tot datum uitvoere. Die COVID-19 pandemie het ook 'n negatiewe impak op die Amerikaanse mielie uitvoere gehad hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike meliemark het gister meestal ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande van beide wit en geelmielies wat tans gelys is. Die plaaslike witmielie mark het gister vir lewering in Julie 2020, R6/ton hoër verhandel om teen R2 423/ton te sluit. Die geelmielie mark het gister vir lewering in Julie 2020, R6/ton hoër verhandel om teen R2 549/ton te sluit.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag. Die ander produkte in die sojaboon kompleks het ook ondersteuning gevind en het sterker verhandel, met beide die sojaboon meel en sojaboon olie markte wat hoër gesluit het. Volgens die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag is 75% van die Amerikaanse sojabone vir die seisoen reeds aangeplant. Die is aansienlik meer as die vorige seisoen se aanplantings wat 36% voltooi was teen dieselfde tyd van die jaar. Die 5 jaar gemiddelde tempo vir Amerikaanse sojaboon aanplantings teen dieselfde tyd van die seisoen is 68%. Die verslag dui ook aan dat 70% van die Amerikaanse sojabone in 'n goeie tot uitstekende toestand is. Die Amerikaanse sojaboon uitvoere was verlede week 15.7% meer as die vorige week se uitvoere gewees met die grootste gedeelte van die weeklikse sojaboon uitvoere wat na Egipte toe was. Die Amerikaanse sojaboon uitvoere na China toe is steeds beperk en daar gaan nie groot hoeveelhede uit soontoe nie. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike sojaboonmark het vir lewering in Julie 2020, R48/ton hoër verhandel vir die dag om teen R6 448/ton te sluit.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag met die stroop proses wat vroeër as normaal begin het in sekere state in die VSA. Die verwagting is ook dat die lentekoring aanplanting in die noordelike gedeeltes van die VSA meer behoort te weer hierdie seisoen. Die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag het aangedui dat 3% van die Amerikaanse winterkoring reeds gestroop is. Dit is 1% meer as die 5 jaar gemiddelde tempo van 2% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Die verslag dui ook aan dat 51% van die Amerikaanse winterkoring in 'n goeie tot uitstekende toestand is. Dit is swakker as die vorige week se skatting van 54% wat in 'n goeie tot uitstekende toestand gerapporteer was. Die Amerikaanse lentekoring aanplantings word op 91% voltooi gerapporteer wat redelik goed in lyn is met die vorige seisoen se aanplantings teen dieselfde tyd van die jaar, maar dit is stadiger as die 5 jaar gemiddelde tempo van 96% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister gemeng verhandel met die handelingsvolumes vir die dag wat maar redelik laag was. Die koringmark het vir lewering in Julie 2020, R10/ton hoër verhandel om teen R5 310/ton te sluit.

International trade updates during COVID-19: https://www.bollere-logistics.com/en/Pages/news/Coronavirus_Impact_Update.aspx
<https://www.nepia.com/industry-news/coronavirus-outbreak-impact-on-shipping/>
<https://www.macmap.org/en/covid19>

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
 Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Ruan Schutte / Vir navrae, kontak: ruan@grainsa.co.za
 Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

